GESKIEDENIS VAN MUNDENE TENNISKLUB (BLOEMFONTEIN)

ONS WORTELS

Die huidige Mundene tennisklub het sy ontstaan te danke aan twee trotse stambome wat saamgesmelt het tot die gesonde en trotse klub van vandag.

Die Westdene Tennisklub

Die Westdene tennisklub ontstaan reeds in 1923 toe die stadsraad van Bloemfontein besluit dat daar in die westelike voorstede ‘n tennisklub gestig moet word. ‘n Deel van Victoria Plein is vir die doel beskikbaar gestel.

Die klub het oorspronklik oor 6 grondbane beskik. In die ou notuleboeke word vertel van eksperimente met “trickle” (gebruik in veevoer) om die miershoopoppervlaktes te versterk. Van die groot verbeteringe was die aanbring van ‘n hek aan die noordekant van die bane wat groot genoeg moes wees vir motorkarre om deur te gaan. Skoolkinders is in die vroeë jare nie toegelaat om op Saterdae sosiaal te speel nie. Daar was ‘n vermoede dat ‘n lid nog op skool was en ‘n komiteelid is afgevaardig om haar te volg gedurende die week, om vas te stel of sy op skool was. Een van die groot nuwighede in die oorlogsjare was dat vroue ook as komiteelede kon dien. Op die jaarvergadering is eenparig besluit dat hierdie proefneming ‘n sukses was.

In die sestigerjare is nog twee bane bygevoeg en is weervaste oppervlaktes aangebring.

Jarelange lede wat nog aktief is, is onder andere Anda le Roux, Blackie en Driekie Swart.

Samesmelting en die Munisipale Klub

In 1991 smelt die Westdene klub saam met die Munisipale klub met sy eie ryk geskiedenis. Hierdie huwelik was van die begin af ‘n groot sukses. As bruidskat word ‘n pragtige nuwe klubhuis aan die noordekant van die bane gebou. Die ou klubhuis met al sy mooi herinneringe word afgebreek, maar kan nog gesien word op die pragtige, lewensgetroue skildery wat mev Elsa Stofberg daarvan gemaak het.

Die stigter en ook jarelange voorsitter, van die Munisipale klub, was mnr Glen Theunissen. Ander jarelange lede is : Ben Moggee, Billy en Orpie Oosthuizen, Ezra en Eureka Cilliers asook Neil Loftus.

Bydrae tot Vrystaat tennis

Uitstekende spelers, waaronder Sandra Reynolds wat ‘n enkelfinalis op Wimbledon was, se name pryk op die klub se ererolle. Onder manskampioene deur die jare kan onderandere genoem word: Neville Wilson, George Reynolds, Dr. R van Zyl Smit, Ronney Guinney, Lukie Badenhorst, Callie Claasen en Rico Ferreira. Dameskampioene was onder meer: N. Wilson, Bets Bekker, Anne Trevellan, Vivian de Lange, Carol Kriel en Katinka Roux. Voorsitters was o.a: Johan Kotze, Blackie Swart, Cliff Ferreira,

Wynand Strydom, Callie Claasens, Dirk Coetzee, Wouter Cronje, Louis Theron, Ben Cronje en Ezra Cilliers.

Die negentigs tot 2010

Gedurende die tydperk oorheers die Cilliers-familie die klubkampioenskappe. Neil Cilliers wen altesaam 21 titels (8 enkels, 9 mansdubbels en 4 gemengde dubbels), sy broer Glen wen 5 titels (3 enkels, 1 mansdubbels en 1 gemengde dubbels) en hulle ma Eureka wen 17 titels (12 damesdubbels en 5 gemengde dubbels).

Ander besondere klubkampioene was Kevin van Rensburg met 15 titels, asook Anda le Roux en Judy Viljoen met 7 damesdubbels titels elk.

Blackie en Driekie Swart bied sedert 1990 die Blackie Swart geborgde dubbelsdag aan, wat baie gewild is onder spelers van oor die hele Vrystaat. Mundene tennisklub het in 2000 die Vrystaatskild begin. Die Vrystaatskild is ‘n interklubtoernooi wat die hele Vrystaat betrek. Mundene tennisklub is steeds baie betrokke by die BTS-ligas, Vrystaat –veterane, VS- senior en junior tennis, asook by die administrasie van tennis in die Vrystaat.

Saamgestel deur: Dirk Coetzee en Nico Keyser